# SAKEPLANKOMPETISIE 2026

## Bepalings en voorwaardes



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.

# Bepalings en voorwaardes

1. Algemeen (van toepassing op alle deelnemers):

1.1. Hierdie bepalings en voorwaardes geld vir die Akademia-sakeplankompetisie wat deur Akademia aangebied word.

1.2. Deur aan die Akademia-sakeplankompetisie deel te neem en/of deur enige van die bepalings en voorwaardes van die kompetisie na te kom, aanvaar jy hierdie bepalings en voorwaardes in geheel. Hierdie aanvaarding geld nie net vir jouself nie, maar ook namens enige ander persoon met wie jy ’n prys mag deel – hetsy die prys enige beloning, geskenk, gratis goedere of dienste, of enige ander gratis aanbod wat deel van die kompetisie uitmaak, insluit. Indien ’n prys aan jou en een of meer bykomende persone (“vennote”) toegeken word, bind hierdie aanvaarding alle individue.

1.3. Intellektuele eiendom:

1.3.1 Alle intellektuele eiendom wat deur die opsteller geskep of ingedien word as deel van die kompetisie, wat insluitend maar nie beperk is tot sakeplanne, konsepte, voorleggings en ondersteunende dokumentasie nie, bly die eiendom van die opsteller.

1.3.2 Die sakeplan, insluitend alle inhoud, bylaes en enige skakels waarna daarin verwys word, bevat vertroulike inligting en is uitsluitlik bedoel vir die beoogde ontvanger soos deur die opsteller aangedui. Geen gedeelte daarvan mag gekopieer, gebruik, versprei of gewysig word sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die opsteller nie.

1.3.3 Enige ongemagtigde gebruik, wysiging of verspreiding daarvan sal as ’n oortreding beskou word.

1.3.4 Enige sodanige ongemagtigde handeling kan aanleiding gee tot siviele en/of strafregtelike aanspreeklikheid en die opsteller behou die reg voor om gepaste stappe te neem, wat regstappe insluit.

1.3.5 Akademia onderneem om alle inskrywings vertroulik te hanteer en sal redelike stappe neem om deelnemers se intellektuele eiendom teen ongemagtigde openbaarmaking of gebruik te beskerm.

1.3.6 Deelnemers word egter aangemoedig om eie stappe te neem (soos kopiereg, handelsmerke of patente) indien hulle hul idees of modelle wil beskerm. Akademia aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies van intellektuele eiendom weens deelname aan die kompetisie nie.

1.4. Geen personeel of direkte familielede van personeel binne Akademia of enige instelling betrokke by die kompetisie mag deelneem aan die Akademia-sakeplankompetisie nie.

1.5. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen verdere korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

1.6. Dit is jou verantwoordelikheid, as deelnemer, om te verseker dat enige inligting wat jy verskaf ten opsigte van die kompetisie akkuraat, volledig en op datum is.

1.7. Enige koste of uitgawes wat jy aangaan is vir jou eie rekening.

1.8. Akademia, vennote en borge maak geen waarborge, hetsy implisiet of uitdruklik, met betrekking tot enige prys nie.

1.9. Pryse is nie oordraagbaar nie en kan nie verruil of in kontant omgeskakel word nie.

1.10. Pryse mag nie ontvang word as dit vir Akademia onwettig is om so ’n prys te lewer nie.

1.11. Wenners moet alle nodige dokumente en regte hê om jou prys te ontvang.

1.12. Wenners sal gekontak word via die kontakbesonderhede wat aan Akademia verskaf is. Indien nodig, kan bykomende inligting versoek word.

1.13. Indien geen reaksie binne die aangeduide tydperk ontvang word nie, sal die prys verbeur word en ’n plaasvervangende wenner aangewys word.

1.14. Akademia behou die reg voor om die kompetisie of enige deel daarvan te wysig, uit te stel, of te kanselleer sonder vooraf kennisgewing.

1.15. Deur in te skryf vir hierdie kompetisie mag Akademia, vennote en borge deelnemers se name, stem, foto’s en video’s gebruik vir bemarkingsdoeleindes.

1.16. Persoonlike inligting van deelnemers sal slegs gedeel word met derde partye waar dit:

1.16.1 noodsaaklik is vir die uitvoering van die kompetisie (soos beoordelaars, tegniese ondersteuningsdienste of afleweringsvennote); of

1.16.2 wettig vereis word ingevolge enige toepaslike wet of regulasie.

1.17. Jou persoonlike inligting sal nie vir enige ander doeleindes gebruik word nie, tensy jy uitdruklik toestemming gee.

1.18. Akademia sal alle redelike maatreëls tref om jou inligting veilig te hou en te beskerm teen ongemagtigde toegang, verlies of misbruik.

1.19. Hierdie bepalings en voorwaardes word in ooreenstemming met die wette van die Republiek van Suid-Afrika geïnterpreteer.

1.20. Akademia behou die reg voor om hierdie bepalings en voorwaardes te wysig, en sal dit op Akademia se webtuiste publiseer.

1.21. Akademia aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige:

1.21.1 onvoorsiene gebeure (soos natuurrampe, pandemies, tegniese stelselinstruksies, ens.) nie; of

1.21.2 handelinge buite hul redelike beheer wat die verloop van die kompetisie beïnvloed nie.

1.22. Indien daar van deelnemers verwag word om fisies deel te neem aan ŉ finaal of enige ander verwante aktiwiteit, berus dit by die deelnemer om vooraf seker te maak dat hy/sy in ŉ goeie gesondheidstoestand verkeer en fisies geskik is vir sodanige deelname.

1.23. Akademia aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige mediese of fisiese gevolge wat direk of indirek mag voortvloei uit die deelname van die kompetisie nie, wat insluit maar nie beperk is tot beserings, gesondheidskomplikasies of enige ander nadelige fisiese reaksies nie.

1.24. Indien enige deel van hierdie bepalings onwettig of onafdwingbaar is, sal daardie deel geskei word van die res van die bepalings, wat geldig en afdwingbaar sal bly.

1.25. Inskrywingsdokumente:

1.25.1 Alle inskrywings moet betyds ingedien word. Inskrywings open op 13 Julie 2026 en sluit op 31 Julie 2026. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.

1.25.2 ŉ Volledige sakeplan moet ingedien word as deel van die kompetisie. Akademia verskaf ŉ templaat met items om in die besigheidsplan in te sluit om te verseker dat sakeplanne volledig en op standaard is.

1.25.3 Slegs oorspronklike sakeplanne sal aanvaar word. Plagiaat sal tot onmiddellike diskwalifikasie lei.

1.26. Die topdrie van elke kategorie sal op 19 Augustus 2026 gekontak word waar verdere voorbereiding gedoen moet word vir die finaal wat op 27 Augustus 2026 op Akademia se Leriba-kampus in Pretoria aangebied moet word.

1.27. Die kompetisie het drie afsonderlike kategorieë, elk met hul eie bepalings en voorwaardes:

1.27.1 kategorie een: Nuwe ondernemings/idees/konsepte (Fonties);

1.27.2 kategorie twee: Bestaande ondernemings (Fonties en publiek); of

1.27.3 kategorie drie: Ontwikkel ŉ sakeplan vir Udolpho (Fonties).